

Spesiaal
vir
baba



Snoesige wolskoentjies vir die eerste treetjies . . .

ROOI-EN-WIT SKOENTJIES

BENODIGDHEDE

50 g wol in wit, 30 g wol in rooi; stel breinaalde nr. 3½; hekelpen nr. 3,50.

AFKORTINGS

r — regs; aw — aweregs; rib — r 1, aw 1; kst — koussteek (1 ry r, 1 ry aw); ksb — kousbandsteek (elke ry r); ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; hlb — halwe langbeen; verm — vermeerder; glst — glipsteek.

HOE OM TE MAAK

Met naalde nr. 3½, begin by bobeen. Met wit wol stel 32 ste op en werk in rib vir 20 rye. Gaan voort in kst vir 19 rye.

20e Ry: Laat 11 ste aan begin en einde op ekstra naald en op middelste 10 ste werk in kst vir 16 rye. Gaan nou voort op al die ste (32 ste) en werk in ksb, 2 rye wit, 2 rye rooi, 2 rye wit, 2 rye rooi en 2 rye wit. Gaan voort met wit wol vir 5 rye in kst. Heg af.

AFWERKING

Werk nate vas (agter en die sool).

Voltooi nou klein skoentjie met tong en veters soos volg:

Tong: Met wit wol plaas hekelpen in 11 middelste ste van skoene en werk 6 rye in lb.

7e Ry: Slaan 1 lb oor, en op die volgende lb werk 1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb, slaan laaste lb oor en heg af. (Let wel — 1 st op 1 lb van vorige ry). Begin vanaf 5e ry en werk 1 kb op 1 lb (18 kb altesaam) in rooi wol en heg af.

Randjie vir veters: Gebruik rooi wol dubbel en steek pen aan begin van 12e st van tong en werk 6 rye in kb, maar verminder 1 st aan albei kante elke 2e ry.

7e Ry: 1 hlb op volgende st, 6 lb op volgende 6 kb van vorige ry, 1 glst in volgende st, 18 kb in volgende 18 ste, 1 hlb in volgende st, 6 lb in volgende 6 ste van vorige ry, 1 glst in volgende st. Heg af.

Met wit wol hekel nou 3 rye in kettingsteek (sien foto).

Veters: Met wit Pingouin-gare nr. 5 en hekelpen nr. 2,00, maak ketting van ks, 2 van 40 cm lank wat ingeryg en vasgemaak moet word soos gewone skoenveters.

Maak ander skoentjie op dieselfde wyse.

WIT-EN-BLOU SKOENTJIES

BENODIGDHEDE

50 g wol in wit; 25 g wol in blou; stel breinaalde nr. 3½; hekelpen nr. 3,50.

AFKORTINGS

r — regs; aw — aweregs; rib — r 1, aw 1; kst — koussteek (1 ry r, 1 ry aw); ksb — kousbandsteek (elke ry r); ks — kettingsteek; kb — kortbeen; lb — langbeen; hlb — halwe langbeen; vermin — verminder; glst — glipsteek.

HOE OM TE MAAK

Met naalde nr. 3½, begin bo met wit wol en stel 32 ste op en werk 3 rye in rib, 2 rye in blou, 15 rye in wit. Gaan voort in kst vir 19 rye. In 20e ry laat 11 ste aan begin en einde op ekstra naald en op middelste 10 ste werk in kst vir 16 rye. Gaan nou voort op al die ste (32 ste) en werk in ksb vir 10 rye en 5 rye in kst. Heg al die ste af.

AFWERKING

Werk agter- en soolnate vas.

Voltooi nou klein skoentjie met 'n tong, randjie vir veters en veters.

Tong: Met blou wol plaas hekelpen in 11 middelste ste van skoene en werk 6 rye in lb.

7e Ry: Slaan 1 lb oor en op die volgende lb werk 1 kb, 1 hlb op volgende lb, 5 lb op elke van die volgende lb van vorige ry, 1 hlb op volgende lb, 1 kb op volgende lb, slaan laaste lb oor en heg af. Begin vanaf 5e ry en werk 1 kb op 1 lb (18 kb altesaam) in wit wol en heg af.

Randjie vir veters: Met wit wol dubbel gebruik, steek pen aan begin 12e st van tong en werk 5 rye in kb, maar verminder 1 st aan albei kante elke 2e ry.
6e Ry: Werk 2 lb in elke st in 1e en laaste 6 ste van vorige ry en voltooi ry in kb. Hekel 2 rye in kettingsteek — gebruik blou (sien foto).

Veters: Met wit Pingouin-gare nr. 5 en hekelpen nr. 3,50 maak 'n ketting van ks, 2 van 40 cm lank, wat ingeryg en vasgemaak moet word soos gewone skoenveters.

Ander skoentjies word op dieselfde wyse met verskillende kleure wol gebrei.